



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

—
BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeë op gesag.

1/- Friday, 29th November, 1935. WINDHOEK. Vrydag, 29 November 1935. No. 643

Government Notice.

Goewermentskennisgewing.

The following Government Notice is published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Office of the Administrator,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 161.] [28th November, 1935.

No. 161.] [28 November 1935.

ORDINANCES, 1935: PROMULGATION OF.

ORDONNANSIES 1935: UITVAARDIGING VAN.

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of Section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of Section *thirty-four* of the said Act:—

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitusie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) aan die volgende Ordonnansies, wat hiermee vir algemene informasie gepubliseer word ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

No.	Title.	Page.
13.	Licences Consolidation Ordinance, 1935 . . .	9721
14.	Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1935 . . .	9737
15.	Sunday Trading Amendment Ordinance, 1935 . . .	9738
16.	Cigarettes and Cigarette Tobacco Sales Tax Amendment Ordinance, 1935 . . .	9738
17.	Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1935 . . .	9739
18.	Divorce Laws Amendment Ordinance, 1935 . . .	9739
19.	Cattle Improvement Further Amendment Ordinance, 1935 . . .	9741
20.	Meat Trade Control Amendment Ordinance, 1935 . . .	9741
21.	The Professional Tax Ordinance, 1935 . . .	9742
22.	Taxation of Landed Property Further Amendment Ordinance, 1935 . . .	9743
23.	Transfer Duty Consolidation and Amendment Ordinance, 1935 . . .	9744

No.	Titel.	Bladsy.
13.	Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 . . .	9721
14.	Dranklisensiewet Wysigingsordonnansie 1935 . . .	9737
15.	Wysigingsordonnansie op Handeldrywe op Sondag 1935 . . .	9738
16.	Sigarette en Sigarettabak Verkoopsbelasting Wysigingsordonnansie 1935 . . .	9738
17.	Wysigingsordonnansie op Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1935 . . .	9739
18.	Egskeidingswette Wysigingsordonnansie 1935 . . .	9739
19.	Beesteverbeterings Verdere Wysigingsordonnansie 1935 . . .	9741
20.	Wysigingsordonnansie betreffende die Kontrole van Vleishandel 1935 . . .	9741
21.	Die Beroepsbelasting Ordonnansie 1935 . . .	9742
22.	Verdere Wysigingsordonnansie betreffende Belasting van Grondeïendom 1935 . . .	9743
23.	Ordonnansie betreffende die Konsolidasie en Wysigings van Hereregte 1935 . . .	9744

No. 13 of 1935.]

ORDINANCE

To provide for the consolidation of the law relating to the licensing of trades and occupations within the Territory of South West Africa and to fix the licence duties payable.

(Assented to 26th November, 1935.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:—

1. All definitions, exemptions and other provisions contained in the First Schedule to this Ordinance shall be deemed to be and shall be read as part of this Ordinance.

2. (1) As from the first day of January, 1936, the licence duties specified in the First Schedule to this Ordinance and the penalties specified in this Ordinance and the First Schedule thereto shall be charged and payable in respect of the carrying on of trades or occupations or the doing or failure to do the acts or things in this Ordinance or such Schedule described.

(2) The licence duties and penalties collected under this Ordinance and the First Schedule thereto shall be paid to the Territory Revenue Fund of the Administration of South West Africa.

3. The licences specified in the First Schedule to this Ordinance shall be of full force and effect throughout the Territory of South West Africa except in the case of those licences which in terms of the provisions of this Ordinance and the said Schedule thereto are required for or restricted to specific premises or areas.

4. (1) Liability for licence duty arises as from the date on which any trade or occupation is commenced, or in the case of a renewal, on the first day of January in each year, and in respect of every licence issued under this Ordinance there shall be charged and payable the amount specified in the First Schedule to this Ordinance:

Provided that if such liability to take out any licence commences on or after the 1st day of July in any year, the amount payable shall, save and except as otherwise provided, be one half of that amount.

(2) Every such licence shall be taken out in the district where the trade or occupation is carried on or in which the liability for the licence first arises and shall, except as otherwise provided, be taken out and paid for yearly and shall expire on the thirty-first day of December of the year of issue.

(3) All licences requiring to be renewed shall be so renewed not later than the thirty-first day of January in each year, and failure so to renew will constitute an offence.

5. Any person who fails to take out a licence as required by this Ordinance within one month of the date when his liability commenced or pays an amount less than the sum due for or in respect of such licence, including any amount calculated on turnover, shall pay for each month or part of a month during which he carries on any trade or occupation without the prescribed licence or during which any amount due in respect thereof is short paid, a sum calculated at the rate of ten per cent of the yearly licence duty prescribed in respect of such trade or occupation or of the amount short paid in respect of such licence, as the case may be, in addition to the duty specified in the First Schedule to this Ordinance:

No. 13 van 1935.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die konsolidasie van die wet betreffende die lisensieverlening aan handel en bedrywe binne die Gebied Suidwes-Afrika en om die betaalbare lisensieregte te bepaal.

(Goedgekeur 26 November 1935.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied van Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-Generaal, insover sodanige toestemming nodig is, nadat dit vooraf ontvang en aan die Wetgewende Vergadering deur boodskap van die Administrateur, ooreenkomstig die bepalinge van artikel *ses-en-twintig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925", van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, meegedeel is, as volg:—

1. Alle definisies, vrystellings en ander bepalinge in die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie bevat, word geag te wees en sal gelees word as 'n deel van hierdie Ordonnansie.

2. (1) Vanaf die eerste dag van Januarie 1936 sal die lisensieregte gespesifiseer in die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie en die boetes gespesifiseer in hierdie Ordonnansie en die Eerste Bylae daarvan ingevorder word en betaalbaar wees ten opsigte van die uitoefening van handel of bedrywe of die doen van of ingebreke bly om te doen van die dade of dinge in hierdie Ordonnansie of sodanige Bylae omskrywe.

(2) Die lisensieregte en boetes ingevorder kragtens hierdie Ordonnansie en die Eerste Bylae daarvan moet gestort word in die Gebieds-Inkomste-Fonds van die Administrasie van Suidwes-Afrika.

3. Die lisensies gespesifiseer in die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie is van volle krag en werking deur die hele Gebied Suidwes-Afrika, behalwe in die geval van daardie lisensies wat ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Ordonnansie en die voormelde Bylae daarvan benodig is vir of beperk is tot spesifieke persele of wyke.

4. (1) Die verpligting om die lisensieregte te betaal begin vanaf die datum waarop enige handel of bedryf begin word, of in die geval van 'n hernuwing, op die eerste dag van Januarie in elke jaar, en ten opsigte van elke lisensie uitgereik kragtens hierdie Ordonnansie word die bedrag wat in die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie gespesifiseer is, gevorder en betaalbaar:

Met die verstande dat as sodanige verpligting om enige lisensie uit te neem op of na die 1ste dag van Julie in enige jaar begin, die betaalbare bedrag, uitgesonderd en behalwe soos andersins bepaal, die helfte van daardie bedrag moet wees.

(2) Elke sodanige lisensie moet uitgeneem word in die distrik waar die handel of bedryf uitgeoefen word, of waarin die verpligting vir die lisensie eerste ontstaan en moet, behalwe soos andersins bepaal, jaarliks uitgeneem en betaal word en vervel op die een-en-dertigste dag van Desember van die jaar van uitreiking.

(3) Alle lisensies wat hernu moet word mag nie later as die een-en-dertigste dag van Januarie in elke jaar aldus hernu word nie, en versuim om aldus te hernu sal 'n misdryf uitmaak.

5. Enige persoon wat in gebreke bly om (binne een maand vanaf die datum waarop sy verpligting begin) 'n lisensie uit te neem, soos deur hierdie Ordonnansie vereis, of 'n bedrag te betaal wat minder is as die betaalbare bedrag vir of ten opsigte van sodanige lisensie, insluitende enige bedrag op omset bereken, moet vir elke maand of gedeelte van 'n maand gedurende welke hy enige handel of bedryf uitoefen sonder die voorgeskrewe lisensie of gedurende welke enige betaalbare bedrag ten opsigte daarvan onderbetaal is, 'n som betaal, bereken teen tien persent van die jaarlikse lisensieregte wat voorgeskrewe is ten opsigte van sodanige handel of bedryf of van die bedrag wat te min betaal is ten opsigte van sodanige lisensie, soos die geval mag wees, boonop die belasting in die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie gespesifiseer:

Provided that such additional amount shall not exceed the amount of the licence duty so specified or of the amount short paid, as the case may be.

Provided further that where any portion of licence duty is assessed upon turnover that portion shall be deemed to be due and payable by the 31st day of January of the ensuing year.

The payment by any person of any sum under this section shall not be deemed to relieve such person of any criminal liability incurred through his failure to take out a licence, nor shall the fact of any criminal liability having been imposed upon any person for any such failure relieve him from any obligation to pay any amount under this section.

6. Save as is specially provided in this Ordinance, every person who carries on in any shop or place of business any trade for which one of the licences specified in Part I of the First Schedule to this Ordinance is required to be taken out shall take out a separate licence at the rate prescribed in that Schedule in respect of every shop or place of business in which that trade is carried on.

7. Licences may be issued by any Magistrate or other duly authorised public officer on application being made to him as hereinafter provided.

8. (1) An application form must in every case be completed by the applicant for a licence or by his duly authorised representative. All licences and applications for licences shall be in such form as the Secretary may from time to time prescribe.

(2) Every application for a licence and every licence issued must disclose *inter alia*:

- (a) the full name of the individual to whom the licence is to be issued;
- (b) in the case of a firm, the full names of each member of the firm;
- (c) in the case of a partnership, the full names of each of the partners;
- (d) in the case of a Joint Stock Company or Co-operative Society, the full names of the Directors and of the Manager or Secretary;
- (e) a description of the trade, or occupation in respect of which the licence is required.

In addition such application and licence shall contain the full name or style under which and the address at which the trade or occupation is to be carried on.

9. (1) A Court (hereinafter called a "licensing Court") for the consideration of applications for or relating to the granting or removal, of any licence mentioned in Part I of the First Schedule to this Ordinance (save and excepting temporary licences and the licences mentioned in items 16 and 17 of Part I of the aforesaid Schedule) is hereby constituted and shall be held in and for each district of the Territory, on the first Wednesday in the months of March, June, September and December in each year, the said Court consisting of the Magistrate of the District.

(2) Applications for the granting, or removal of such licences as aforesaid must be made on the prescribed form to the Magistrate or other duly authorised officer concerned at least one month before the sitting of the licensing Court at which such application is to be considered, and must be accompanied by a deposit sufficient to cover the expense connected with the newspaper notice mentioned in the next succeeding sub-section, which said expense shall be borne by the applicant: Provided that late applications may be accepted up to twenty-one days before such sitting on payment of such penalty, not amounting to a sum greater than the annual licence duty payable in respect of the licence concerned, as the aforesaid Magistrate or other duly authorised officer may decide.

(3) On receipt of any such application as aforesaid, the Magistrate or other duly authorised officer concerned shall cause a notice to be posted in some conspicuous place at or in his office, and to be published in a newspaper circulating in his district, containing the name of the applicant, the description of the premises referred to in the application, the nature of the application, and the day on which and the place where the Court will sit for hearing such application.

Such notice shall be posted and published at least fourteen days before the sitting of the said Court, provided that, in the case of late notices, publication up to seven days before such sitting shall be lawful.

Met die verstande dat sodanige bykomende bedrag nie die bedrag van die lisensieregte aldus gespesifiseer of van die te min betaalde bedrag, soos die geval mag wees, te bowe mag gaan nie.

Met die verstande verder dat waar enige gedeelte van lisensieregte op omset geskat word, sodanige gedeelte geag word op die 31ste dag van Januarie van die eersvolgende jaar verskuldig en betaalbaar te wees.

Die betaling deur enige persoon van enige som op grond van hierdie artikel word nie geag sodanige persoon te vrywaar teen enige kriminele aanspreeklikheid op die hals gehaal deur sy versuim om 'n lisensie uit te neem nie, ook sal die feit dat enige kriminele aanspreeklikheid op enige persoon weens enige sodanige versuim opgelê is, hom nie vrystel van enige verpligting om enige bedrag onder hierdie artikel te betaal nie.

6. Behoudens die spesiale bepalings in hierdie Ordonnansie, moet elke persoon wat in enige winkel of besigheidsplek enige handel uitoefen waarvoor een van die lisensies gespesifiseer in Deel I van die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie uitgeneem moet word, 'n afsonderlike lisensie uitneem teen die fooi wat in daardie Bylae ten opsigte van elke winkel of besigheidsplek, waarin daardie handel uitgeoefen word, voorgeskrywe is.

7. Lisensies kan uitgereik word deur enige magistraat of ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar, nadat aansoek aan hom, soos hierna bepaal, gemaak is.

8. (1) 'n Applikasievorm moet in elke geval deur die applikant vir 'n lisensie of deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger ingevul word. Alle lisensies en applikasies vir lisensies moet in sodanige vorm wees, as die Sekretaris van tyd tot tyd mag voorskrywe.

(2) Elke applikasie vir 'n lisensie en elke uitgereikte lisensie moet onder andere bekendstel:

- (a) die volle naam van die individu aan wie die lisensie uitgereik moet word;
- (b) in die geval van 'n firma, die volle name van elke lid van die firma;
- (c) in die geval van 'n vennootskap, die volle name van elkeen van die vennote;
- (d) in die geval van 'n naamlose vennootskap of koöperatiewe vereniging, die volle name van die direkteure en van die bestuurder of sekretaris;
- (e) 'n beskrywing van die handel of bedryf ten opsigte waarvan die lisensie benodig is.

Buitendien moet sodanige applikasie en lisensie die volle naam of firma waaronder, en die adres waar die handel of bedryf uitgeoefen sal word, bevat.

9. (1) 'n Hof (hierna 'n "lisensiehof" genoem) vir die oorweging van applikasies vir of met betrekking tot die uitreiking of verwydering van enige lisensie in Deel I van die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie (uitgesonderd en behalwe tydelike lisensies en die lisensies in items 16 en 17 van Deel I van die voormelde Bylae) genoem, word hierby gevorm en word in en vir elke distrik van die Gebied op die eerste Woensdag in die maande Maart, Junie, September en Desember van elke jaar gehou. Die voormelde Hof bestaan uit die Magistraat van die distrik.

(2) Applikasies vir die uitreiking of verwydering van sodanige voormelde lisensies moet op die voorgeskrewe vorm aan die betrokke Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar ten minste een maand voor die sitting van die lisensiehof wat sodanige applikasie moet oorweeg, gemaak word, en moet vergesel word deur 'n deposito wat voldoende is om die onkoste verbonde met die kennisgewing in die koerant wat in die eersvolgende sub-artikel genoem word, te dek en welke gesegde onkoste deur die applikant gedra moet word: Met die verstande dat applikasies wat laat gemaak word, tot een-en-twintig dae voor sodanige sitting aangeneem mag word teen betaling van sodanige boete, wat nie 'n groter som bedra as die jaarlikse lisensieregte wat betaalbaar is ten opsigte van die betrokke lisensie, soos die voormelde Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar mag bepaal.

(3) Op ontvangs van enige sodanige applikasie, soos voormeld, moet die betrokke Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar veroorsaak dat 'n kennisgewing op 'n in die oog vallende plek by of in sy kantoor opgeplak word, en dat dit gepubliseer word in 'n koerant wat in sy distrik sirkuleer, wat die applikant se naam, die beskrywing van die persele in die applikasie na verwys, die geaardheid van die applikasie, en die dag wanneer en die plek waar die Hof sal sit om sodanige applikasie te hoor, bevat.

Sodanige kennisgewing moet ten minste veertien dae voor die sitting van genoemde Hof opgeplak en gepubliseer word, met die verstande dat, in die geval van laat kennisgewings, publikasie tot sewe dae voor sodanige sitting wettig sal wees.

(4) In case the applicant for any licence shall die or shall become insolvent after applying for the grant, transfer or removal of a licence, but on or before the day for considering such application by the licensing Court, such Court may, if it shall think fit, grant the application as on behalf of the widow of any deceased applicant, or to the executor, curator bonis, or trustee, as the case may be, of the estate of such applicant. Thereafter the provisions of sub-section (1) of section fifteen shall apply *mutatis mutandis* in respect of such licence.

(5) Any interested party may object in writing or personally at any meeting of the licensing Court to the granting of any such application as aforesaid; and such objection shall be duly considered by the Court.

(6) The Court may in its discretion decide to grant, refuse or otherwise deal with the licence applied for. In arriving at its decision the Court may call for and take into consideration a police, town engineer or medical officer's report with regard to the desirability of granting such application. Where any trade is carried on or is to be carried on at certain premises, the licence if issued shall be granted in respect of such premises.

10. Temporary licences as provided for in section eight, the licences mentioned in items 16 and 17 of Part I and the licences mentioned in Part II of the First Schedule, may be granted, refused or otherwise dealt with by the Magistrate or other duly authorised officer to whom application is made, out of hand and at any time. Applications for such licences must be made on the prescribed form and the provisions of sub-section (6) of the preceding section shall apply *mutatis mutandis* in regard to such applications.

11. From any decision of the Court under section nine or of the Magistrate or other duly authorised officer under section ten, any aggrieved party will have the right of appeal to the Administrator-in-Executive-Committee, who may after calling for and considering any reasons given by the Court or the Magistrate or other duly authorised public officer, as the case may be, confirm or set aside such decision: Provided that where the Court, or the Magistrate or other duly authorised officer, as the case may be, has refused to issue a fresh licence in respect of an existing business, such business may continue to operate, pending the decision of any appeal as aforesaid, on condition that notice of intention to appeal is given to the Magistrate or officer concerned and that such appeal is prosecuted within fourteen days after the applicant is informed that his application has been refused.

12. If any licence is issued inadvertently or not in conformity with the provisions of this Ordinance such licence shall be null and void, and the person in whose name such licence has been issued shall be deemed to be unlicensed, but shall suffer no penalties in that regard, if upon demand by any European member of the South West Africa Police or any duly authorised revenue officer, the said licence is surrendered forthwith.

13. An official record of the licences issued in each district under this Ordinance, which shall contain all the information referred to in section eight, as also the date of issue and number of licence, shall be kept by the Magistrate of such district or his clerk. Such record shall at all reasonable times be open to inspection by any European member of the South West Africa Police or any duly authorised revenue officer.

14. The licences specified in the Second Schedule to this Ordinance shall not be granted in respect of Crown Land or any area which in pursuance of regulations framed hereunder may be declared a Native Reserve for the purposes of this Ordinance, without the sanction of the Administrator issued under the hand of the Secretary for South West Africa. The Administrator may by regulation further prescribe the conditions under which such licence shall be granted, which conditions shall be endorsed upon the licence by the Magistrate or other duly authorised public officer issuing the same.

15. (1) In the event of the death of the holder of any licence, the widow or widower or executor of the deceased person, and failing the appointment of an executor, any *curator bonis* appointed by the Master of the High Court for taking charge of the estate of such deceased person or any person approved by the Magistrate, and in case of insolvency or assignment the trustee or assignee of the estate of such person, and in case of a

(4) Ingeval dat die applikant vir enige lisensie sterwe of insolvent gaan nadat hy vir die uitreiking, oordrag of verwydering van 'n lisensie applikasie gemaak het, maar op of voor die dag wanneer sodanige applikasie deur die lisensiehof oorweeg moet word, mag sodanige Hof, as hy dit goedvind, die applikasie toestaan soos namens die weduwe van enige oorlede applikant, of aan die eksekuteur, *curator bonis*, of kurator, soos die geval mag wees, van die boedel van sodanige applikant. Daarna is die bepalings van sub-artikel (1) van artikel vyftien *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van sodanige lisensie.

(5) Enige belanghebbende persoon mag skriftelik of persoonlik op enige vergadering van die Lisensiehof besware maak teen die toestaan van enige sodanige applikasie as voormeld; en sodanige beswaar word behoorlik deur die Hof oorweeg.

(6) Die Hof mag na goedvinde beslis om die lisensie waarvoor applikasie gemaak is, te verleen, weier of op 'n ander wyse handel. Die Hof mag die rapport van 'n polisie, stadsingenieur of mediese beampte ten opsigte van die wenslikheid om sodanige applikasie toe te staan, inroep en in oorweging neem ten einde die Hof in staat te stel om sy beslissing te maak. Waar enige bedryf uitgeoefen word of uitgeoefen sal word op 'n sekere perseel, moet die lisensie, indien dit uitgereik word, ten opsigte van sodanige perseel verleen word.

10. Tydelike lisensies soos in artikel agtien bepaal, die lisensies genoem in items 16 en 17 van Deel I en die lisensies in Deel II van die Eerste Bylae genoem, mag verleen, geweier of andersins daarmee gehandel word deur die Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar aan wie die applikasie gemaak word, uit die hand en te eniger tyd. Applikasies vir sodanige lisensies moet op die voorgeskrewe vorm gemaak word en die bepalings van sub-artikel (6) van die voorgaande artikel is *mutatis mutandis* ten opsigte van sodanige applikasies van toepassing.

11. Enige gekrenkte persoon het die reg van appèl van enige beslissing van die Hof ooreenkomstig artikel nege of van die Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar ooreenkomstig artikel tien aan die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee, wat nadat hy enige redes deur die Hof of die Magistraat of ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar, soos die geval mag wees, ingeroep en oorweeg het, sodanige beslissing mag bekragtig of verwerp: Met die verstande dat wanneer die Hof, of die Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar, soos die geval mag wees, geweier het om 'n nuwe lisensie ten opsigte van 'n bestaande besigheid uit te reik, sodanige besigheid verder mag voortbestaan, hangende die besluit van enige appèl soos voormeld, onder die voorwaarde dat kennisgewing van voorneme van appèl aan die betrokke Magistraat of amptenaar gegee word en dat sodanige appèl binne veertien dae, nadat die applikant in kennis gestel is dat sy applikasie geweier is, voortgesit word.

12. Wanneer enige lisensie op agtelosige wyse uitgereik of nie in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Ordonnansie is nie, is sodanige lisensie van nul en gener waarde, en die persoon op wie se naam sodanige lisensie uitgereik is, word geag ongelisensieër te wees, maar sal aan geen strawwe in daardie opsig onderhewig wees nie, indien die voormelde lisensie op versoek van 'n blanke lid van die Suidwes-Afrika Polisie of enige behoorlik gemagtigde inkomste-amptenaar onmiddellik teruggegee word.

13. 'n Offisiële register van die lisensies in elke distrik uitgereik kragtens hierdie Ordonnansie, wat al die informasie waarna in artikel agt verwys word, asook die datum van uitreiking en die nommer van die lisensie moet bevat, moet deur die Magistraat van sodanige distrik of sy klerk gehou word. Sodanige register moet te alle redelike tye ter insage oop lê vir enige blanke lid van die Polisie van Suidwes-Afrika of enige behoorlik gemagtigde inkomste-amptenaar.

14. Die lisensies in die Tweede Bylae van hierdie Ordonnansie gespesifiseer mag nie sonder die goedkeuring van die Administrateur, gegee onder die hand van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, verleen word nie ten opsigte van Kroonlande of enige gebied, waaromtrent ingevolge die regulasies hieronder opgestel verklaar kan word dat 'n natuurlike reservaat vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie is. Die Administrateur kan verder by regulasie die voorwaardes voorskrywe, waaronder sodanige lisensie toegestaan sal word, watter voorwaardes deur die Magistraat of ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar wat dit uitgee, op die lisensie geëndosseer moet word.

15. (1) In geval van die dood van enige lisensiehouer mag die weduwe of wewenaar of eksekuteur van die oorlede persoon, en in geval daar geen eksekuteur aangestel is nie, enige *curator bonis* aangestel deur die Meester van die Hooggeregshof om die boedel van sodanige oorlede persoon te beheer, of enige persoon deur die Magistraat goedgekeur, en in geval van insolvensie of boedelfafstand die trustee of kurator van die boedel van sodanige persoon, en in geval van 'n maatskappy in likwidasie die likwidateur, en in enige geval

company in liquidation the liquidator, and in any case where the holder comes under any legal disability, any *curator bonis* appointed under any Order of Court, may, without payment of any fee, obtain a transfer licence from the Magistrate or other duly authorised officer concerned to carry on the trade or occupation in respect of which the existing licence was issued, for the unexpired term covered by such licence, and, on payment of licence duty, for such further period as may be required for the beneficial winding up of the estate. The existing licence shall thereupon be cancelled and retained as a voucher for the issue of the transfer licence.

(2) In the event of one or more of the partners retiring from a partnership before the 31st day of December in any year in respect of which a licence was issued to such partnership, the remaining partner or partners of the partnership may, on payment of a fee of one pound, obtain a transfer licence from the Magistrate or other duly authorised officer concerned to carry on the trade or occupation in respect of which the existing licence was issued, for the unexpired term covered by such licence, except that in the case of any licence of the value of £1 or less, the transfer licence duty shall be the sum of five shillings. The existing licence shall thereupon be cancelled and retained as a voucher for the issue of the transfer licence: Provided that any change in the membership of a partnership occasioned through the admission of a new partner shall necessitate the taking out of a new licence.

16. Any person who has acquired or proposes to acquire an existing business, for which a licence has been issued in respect of certain premises, may apply for a new licence in respect of such business, upon proof that the present holder has given fourteen days notice of his intention to sell or transfer the said business, stating the name of the district and street or place where the said business is situated, in the Official Gazette and in one newspaper circulating in the district in which such business is carried on. Upon issue of a new licence to the transferee of such business, the existing licence shall be deemed to be automatically cancelled.

17. If at any time during the continuance of a licence the holder of any trade or occupational licence which has been granted in respect of certain premises, desires to remove his business to other premises in the same district, he may obtain from the Licensing Court, on proof that such trade or occupation has in fact been discontinued at the place for which such licence was granted, a removal licence to the new address in exchange for the existing licence. The existing licence shall thereupon be cancelled and retained as a voucher for the issue of the removal licence. A charge of ten shillings for each removal licence shall be made.

If any such person as aforesaid shall remove from the premises mentioned in his licence and shall neglect or omit to obtain a removal licence the existing licence shall be null and void and the person in whose name such licence was issued shall be deemed to be unlicensed.

The provisions of section *nine* shall apply in respect of applications made in terms of this section.

18. Any person being the holder of a current licence in respect of any of the following trades, who desires to trade at any exhibition or show held by any agricultural or industrial organisation may be granted a temporary licence in respect of the trade for which he holds a licence upon payment of the sum of ten shillings. A separate licence shall be required for each stand and shall be available for a period of three days:

Baker,
Butcher,
Fresh Produce Dealer,
General Dealer,
Game Dealer,
Restaurant, Refreshment or Tea Room Keeper.

Provided that it shall be competent for the Secretary, upon application made to him, to exempt from payment of licence duty any person exercising temporarily any of the above-mentioned trades, or the trade of aerated or mineral water dealer, whether at an exhibition or show as aforesaid or elsewhere, if the proceeds of such trade, after the deduction of reasonable expenses, are to be devoted wholly—

- (a) to religious, charitable or educational purposes in this Territory, or
- (b) to a club or society formed for the advancement of athletics or any outdoor game or games.

waar die houer onder enige wetlike onbevoegdheid kom, enige *curator bonis* benoem kragtens enige order van die Hof, sonder betaling van enige fooi 'n oordraglisensie van die betrokke Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar kry om die handel of bedryf ten opsigte waarvan die bestaande lisensie uitgereik is, vir die onverstreke tyd deur sodanige lisensie gedek, en na betaling van lisensieregte vir sodanige verdere tydperk as wat nodig mag wees vir die voordelige likwidasië van die boedel, uitoefen. Die bestaande lisensie moet daarna gekanselleer en teruggehou word as bewys van die uitreiking van die oordraglisensie.

(2) Ingeval een of meer van die vennote wat voor die 31ste dag van Desember in enige jaar ten opsigte waarvan 'n lisensie aan sodanige vennootskap uitgereik is, uit 'n vennootskap uittree, kan die orige vennoot of vennote van die vennootskap, na betaling van 'n fooi van een pond 'n oordraglisensie van die betrokke Magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar kry om die handel of bedryf ten opsigte waarvan die bestaande lisensie uitgereik is, vir die onverstreke tyd deur sodanige lisensie gedek, uit te oefen, behalwe dat ingeval van enige lisensie van die waarde van £1 of minder die oordraglisensieregte die som van vyf shillings moet bedra. Die bestaande lisensie moet daarna gekanselleer en teruggehou word as bewys van die uitreiking van die oordraglisensie: Met die verstande dat enige verandering in die lidmaatskap van 'n vennootskap veroorsaak deur die toelating van 'n nuwe vennoot, die uitneming van 'n nuwe lisensie nodig maak.

16. Enige persoon wat 'n bestaande besigheid waarvoor 'n lisensie uitgereik is ten opsigte van sekere persele ooreeneem het of voornemens is om sodanige besigheid oor te neem, kan aansoek doen vir 'n nuwe lisensie ten opsigte van sodanige besigheid, nadat bewys gelever is dat die teenswoordige houer 'n kennisgewing van veertien dae van sy voorneme om die voormelde besigheid te verkoop of oor te dra, wat die naam aantoon van die distrik en straat of plek waar die voormelde besigheid geleë is, in die Offisiële Koerant en in een koerant wat in die distrik waarin sodanige besigheid uitgeoefen word, sirkuleer, geplaas het. Na uitreiking van 'n nuwe lisensie aan die konsessionaris van sodanige besigheid word die bestaande lisensie geag outomaties gekanselleer te wees.

17. As die houer van enige handels- of bedryfslisensie wat ten opsigte van sekere perseel verleen is, te eniger tyd wens om sy besigheid gedurende die voortbestaan van 'n lisensie na 'n ander perseel in dieselfde distrik te verwyder, kan hy van die Lisensiehof, nadat bewys gelever is dat sodanige handel of bedryf inderdaad op die plek waarvoor sodanige lisensie verleen is, gestaak is, 'n lisensie vir verwydering na die nuwe adres in ruiling vir die bestaande lisensie kry. Die bestaande lisensie word daarna gekanselleer en teruggehou as 'n bewys vir die uitreiking van die verwyderingslisensie. 'n Vordering van tien shillings word vir elke verwyderingslisensie gemaak.

As enige persoon soos voormeld van die perseel in sy lisensie genoem wegtrek en verstuim of nalaat om 'n verwyderingslisensie te verkry, word die bestaande lisensie van nul en gener waarde en die persoon in wie se naam sodanige lisensie uitgereik is, word geag ongeldig te wees.

Die bepalinge van artikel *nege* is van toepassing ten opsigte van applikasies ooreenkomstig hierdie artikel gemaak.

18. Aan enige persoon wat die houer van 'n lopende lisensie ten opsigte van enige van die volgende bedrywe is, en wat wens om sy bedryf uit te oefen op enige tentoonstelling of vertoning deur enige landbou of industriële organisasie gehou, kan na betaling van die som van tien shillings 'n tydelike lisensie ten opsigte van die bedryf waarvoor hy 'n lisensie hou, verleen word. 'n Aparte lisensie is nodig vir elke standplaas en is beskikbaar vir 'n tydperk van drie dae:

Bakker,
Slagter,
Handelaar in vars produkte,
Algemene handelaar,
Wildhandelaar,
Houer van 'n restaurant, verversings- of teekamer.

Met die verstande dat die Sekretaris bevoeg sal wees, op aansoek aan hom gerig, om enige persoon wat tydelik enige van die bovermelde handel, of die bedryf van spuit- of mineraalwater-handelaar uitoefen van die betaling van lisensieregte vry te stel, hetsy op 'n tentoonstelling of vertoning soos voormeld of elders, as die opbrengs van sodanige bedryf, nadat die redelike onkoste afgetrek is, heeltemal bestee word —

- (a) aan godsdienstige, liefdadigheids- of opvoedkundige doeleindes in hierdie Gebied, of
- (b) aan 'n klub of vereniging wat vir die bevordering van atletiek of enige opelugspel of spelle in die lewe ge-roep is.

19. The revenues derived from the licences specified in the Third Schedule hereto shall, where the licence holder exercises his trade, occupation or calling within the limits of a municipality or village management board, be paid by the Administration to such municipality or village management board less a deduction of ten *per cent.* on the total amount collected.

20. Every holder of any trade or occupational licence shall have his name painted or affixed on the outside of any shop or place in which the trade or occupation is carried on, and such name shall be kept painted or affixed in a conspicuous place and in letters easily legible. No person not licensed shall have any words or letters on a shop or place of business, purporting that he is licensed.

21. When licence duty in respect of any licence issued under this Ordinance is assessed partly on turnover, such turnover shall be the total amount of gross sales in a business during each year for the period of twelve months ending on the 30th day of June in the year preceding the payment of licence duty: Provided —

- (1) In the case of a new business the minimum licence only shall be payable until the period during which trading has been carried on will admit of turnover being ascertained; thereafter a tax on turnover will be due and payable, even if the licence is not renewed, as if the licence had in fact been renewed.
- (2) In the case of a business which has been carried on for a period less than twelve months prior to the 30th day of June in any year the licence duty shall be levied on the amount of turnover during such actual period of trading.
- (3) In the case of a business which has been carried on for a period of twelve months prior to the 30th day of June in any year, the licence duty shall be levied on the amount of turnover during that period.
- (4) In the case of goods purchased in the Territory which are sold outside the Territory, such sales shall not be included in the calculation of turnover.

For the purpose of assessing turnover, the term "gross sales" shall include transactions of barter, as well as leases of goods with an option of purchase, if in terms of such leases the rent paid by the lessee is, in effect, wholly or partly an instalment of the ultimate purchase price.

22. It shall be the duty of every person carrying on any business in respect of which the licence duty payable is assessed on turnover, gross receipts or purchases —

- (1) to furnish the Magistrate of the District where the licence in respect of the business concerned was issued, as for the year preceding the payment of licence duty, with returns for the assessment of such duty in the form as prescribed by regulation. The said returns shall be furnished before the 30th day of September in each year;
- (2) to keep proper books and to have at hand at all times waybills, invoices and other documents giving all necessary particulars with regard to turnover, gross receipts or purchases.

23. (1) For the purposes of satisfying himself as to the correctness of any information contained in the return referred to in section *twenty-two*, the Magistrate of the district concerned or any other duly authorised public officer may require the licensee to produce for his inspection any books, accounts, deeds, trade-lists, stock-lists or other documents which he may deem to be necessary for the purpose of ascertaining the amount of turnover, gross receipts or purchases and of making the assessment.

(2) In the event of the information furnished by a licensee in accordance with sub-section (1) hereof being insufficient to enable the aforesaid Magistrate or other duly authorised public officer to determine the correctness of any information contained in the aforesaid return, the said Magistrate or officer shall make such an estimate of turnover, gross receipts or purchases as he may think to be proper and assess the licence duty payable on such estimate. Any assessment of licence duty so made by the Magistrate or other duly authorised public officer shall be subject to appeal in accordance with the provisions of section *eleven*.

24. It shall be lawful for a European member of the South West Africa Police, or a Magistrate or other duly authorised public officer at any reasonable time to demand from a person carrying on any trade, or occupation for which a licence is required under this Ordinance, the production of the necessary licence, and unless such person shall upon demand produce a proper licence then in force or is able to satisfy the Court that at the time of demand

19. Die inkomste verkry uit die lisensies noukeurig vermeld in die Derde Bylae hiervan moet, waar die lisensiehouer sy besigheid, beroep of bedryf binne die grense van 'n munisipaliteit of dorpsbestuursraad uitoefen, deur die Administrasie aan sodanige munisipaliteit of dorpsbestuursraad betaal word min 'n aftrekking van tien persent op die totale bedrag ingesamel.

20. Elke houer van enige handels- of bedryfslisensie moet sy naam aan die buitekant van enige winkel of plek waarin die handel of bedryf uitgeoefen word, skilder of aanheg, en sodanige naam moet op 'n in die oog vallende plek en in maklik leesbare letters geskilder of aangeheg gehou word. Geen ongelisensieerde persoon mag enige woorde of letters op 'n winkel of besigheidsplek hê nie wat te kenne gee dat hy gelisensieër is.

21. Wanneer lisensieregte ten opsigte van enige lisensie kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik gedeeltelik op omset geskat word, moet sodanige omset die totale bedrag van bruto verkopinge in 'n besigheid gedurende elke jaar vir die tydperk van twaalf maande eindigende op die 30ste dag van Junie in die jaar wat die betaling van lisensieregte voorafgaan, wees:

Met die verstande dat —

- (1) In die geval van 'n nuwe besigheid net die minimum lisensie betaalbaar is, totdat die tydperk gedurende welke 'n handel uitgeoefen is, dit moontlik maak dat 'n omset vasgestel kan word; daarna is 'n belasting op omset verskuldig en betaalbaar selfs as die lisensie nie hernu is nie, asof die lisensie feitlik hernu is.
- (2) In die geval van 'n besigheid wat vir 'n tydperk van minder as twaalf maande voor die 30ste dag van Junie in enige jaar uitgeoefen is, moet die lisensieregte op die bedrag van die omset gedurende sodanige werklike tydperk van handelsuitoefening gehef word.
- (3) In die geval van 'n besigheid wat vir 'n tydperk van twaalf maande voor die 30ste dag van Junie in enige jaar uitgeoefen is, moet die lisensieregte op die bedrag van omset gedurende daardie tydperk gehef word.
- (4) In die geval van goedere wat in die Gebied gekoop en buitekant die Gebied verkoop word, mag sulke verkopinge nie in die berekening van die omset ingesluit word nie.

Vir die doel om omset te bereken, sluit die uitdrukking "bruto verkopinge" ruilhandel-transaksies in, asook huurkontrakte van goedere met 'n opsie om hulle te koop, as ooreenkomstig sodanige huurkontrakte die huur deur die huurder betaal in werklikheid geheel of gedeeltelik 'n paalement van die uiteindelijke koopsom is.

22. Dit is die plig van elke persoon wat enige besigheid drywe ten opsigte waarvan die betaalbare lisensieregte op omset, bruto ontvangste of inkope bereken word, om —

- (1) die Magistraat van die distrik waar die lisensie ten opsigte van die betrokke besigheid uitgereik is, vir die jaar wat die betaling van lisensieregte voorafgaan, te voorsien van opgawe vir die berekening van sodanige regte in die vorm soos by regulasie voorgeskrywe is. Die voormelde opgawe moet voor die 30ste dag van September in elke jaar verskaf word.
- (2) Behoorlike boeke te hou en om altyd vragbriewe, fakture en ander dokumente wat al die nodige besonderhede aangaande omset, bruto ontvangste of inkope gee, by die hand te hê.

23. (1) Vir die doel om homself te oortuig aangaande die juistheid van enige informasie bevat in die opgaaf waarna in artikel *twee-en-twintig* verwys is, mag die Magistraat van die betrokke distrik of enige ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar van die lisensiehouer verlang dat hy enige boeke, rekenings, aktes, handelslyste, voorraadslyste of ander dokumente wat hy nodig mag ag vir die doel om die bedrag van die omset, bruto ontvangste of inkope vas te stel en om die raming te maak, vir sy inspeksie voorlê.

(2) Ingeval die informasie deur die lisensiehouer gelewer ooreenkomstig sub-artikel (1) hiervan onvoldoende is om die voormelde Magistraat of ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar in staat te stel om die juistheid van enige informasie in die voormelde opgaaf bevat vas te stel, moet die voormelde Magistraat of amptenaar sodanige skatting van omset, bruto ontvangste of inkope maak, as hy mag ag gepas te wees en die betaalbare lisensieregte op sodanige skatting bereken. Enige berekening van lisensieregte aldus deur die Magistraat of ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar gedoen, is onderhewig aan appèl ooreenkomstig die bepalinge van artikel *elf*.

24. Dit is wettig vir 'n blanke lid van die Polisie van Suidwes-Afrika of 'n magistraat of ander behoorlik gemagtigde publieke amptenaar om te eniger redelike tyd van 'n persoon wat enige handel of bedryf uitoefen waarvoor 'n lisensie kragtens hierdie Ordonnansie benodig is, te verlang dat hy die nodige lisensie voorlê, en tensy sodanige persoon op aanvraag 'n behoorlike lisensie wat dan geldig is voorlê of die Hof kan oortuig dat ten tyde van die aanvraag hy

he was the lawful holder of a licence, he shall be liable to the penalties herein prescribed for carrying on a trade or occupation without having previously taken out the particular licence or licences in that behalf required.

For the purposes of this section a certificate of revenue under the hand of the proper officer may be accepted in lieu of a licence.

25. In any prosecution for infringement of any section of this Ordinance by doing anything without a licence, it shall be *prima facie* sufficient for the prosecutor to produce a certificate signed by the officer for the time being charged with the duty of keeping the official record of licences issued in the district in which the offence is alleged to have been committed, to the effect that his name does not appear therein as the holder of a licence; but it shall be lawful for such accused person to rebut such evidence by proof that he was in fact, at the time he was alleged to have committed the offence, the lawful holder of such licence.

26. Any person who carries on any trade, or occupation without being in possession of a licence as required by this Ordinance shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding three times the amount of the unpaid duty or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months, or to both such fine and such imprisonment.

27. Any person who obtains or endeavours to obtain a licence under this Ordinance by making any false representation in his application, or by any falsehood, fraud, art or contrivance whatever, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding £50, or to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

28. Any person guilty of the contravention of any provision of this Ordinance or of any regulation framed thereunder for which no other penalty has been provided shall be liable to a fine not exceeding £50 or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding six months.

- (b) ingevolge artikel *driehonderd-vier-en-veertig* van die "Kriminele Procedure en Bewijslevering Wet, 1917", soos op die Gebied toegepas deur die "Criminele Procedure en Bewijslevering Proclamatie, 1919" (Proclamatie No. 20 van 1919), 'n gewoonte-misdadiger verklaar is en gedurende minstens vyf jaar na daardie verklaring in die gevangenis aangehou is:

Met die verstande dat 'n hof geen order vir egskeiding op die in paragraaf (a) vermelde gronde verleen nie tensy hy deur die getuienis van drie geneeskundige praktisyns, twee van wie deur die hof aangestelde psigiaters moet wees, oortuig is dat die verweerder ongeneeslik is en tensy hy tevens oortuig is dat die eiser (indien die eiser die eggenoot is van die verweerder) geensins te blameer is vir die geestes-toestand van die verweerder nie. Die getuienis van sodanige geneeskundige praktisyns kan op beëdigde verklaring aangeneem word, maar die hof kan, na goedvinde, van enige sodanige geneeskundige praktisyn wat gedagvaar word verlang dat hy mondelinge getuienis aflê, as die hof sodanige mondelinge getuienis as essensieël beskou vir die behoorlike vaststelling van die geestestoestand van die verweerder.

(2) Wanneer 'n order gevra word op die grond vermeld in paragraaf (b) van sub-artikel (1) van hierdie artikel, is die hof bevoeg om so 'n order te weier indien hy oortuig is dat die eiser die verweerder vrywillig behulpsaam gewees is by die begaan van 'n misdaad waarvoor hy of sy veroordeel is.

2. As 'n order vir egskeiding onder paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel *een* verleen word, kan die hof —

- (a) gelas dat eiser die regskoste van verweerder (as daar koste is) betaal en dat hy ten genoë van die Meester voorsiening maak vir die behoorlike onderhoud van verweerder en die kind of kinders uit die huwelik en vir die versekering van enige voordele waartoe verweerder geregtig mag wees;
- (b) geen order teen verweerder verleen nie waaronder enige voordele uit die huwelik voortvloeiende verbeurd verklaar word.

3. (1) As iemand aan wie 'n order vir egskeiding ingevolge paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel *een* verleen is van plan is om te hertrou, moet hy (hetsy die huwelik deur spesiale lisensie of na publikasie van gebooe plaasvind) 'n sertifikaat verkry onderteken deur die Meester van die volgende inhoud, naamlik —

- (a) 'n sertifikaat dat aan die bepalings van paragraaf (a) van artikel *twee* voldaan is; of
- (b) as geen order onder daardie paragraaf verleen is nie, 'n sertifikaat van daardie feit.

(2) Elke sodanige sertifikaat moet aan die huweliksbevestigter voor wie die voorgenome huwelik bevestig sal word besorg word.

(3) Elke sodanige persoon wat hertrou sonder die ingevolge sub-artikel (1) vereiste sertifikaat te verkry, is strafbaar met 'n boete van hoogstens een honderd pond of by wanbetaling met gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n termyn van hoogstens ses maande en bowendien is die Meester of enige ander persoon wat vir die geskeie eggenoot of kinders optree bevoeg om sodanige stappe te doen as nodig mag wees vir die behoorlike nakoming van sodanige order.

(4) 'n Huweliksbevestigter wat so 'n huwelik bevestig tensy eers aan hom die deur hierdie artikel vereiste sertifikaat ten opsigte van die partye tot die huwelik besorg is, is strafbaar met sodanige boete of by wanbetaling met sodanige gevangenisstraf as voormeld.

4. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Egskeidingswette Wysigingsordonnansie 1935.

No. 19 of 1935.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the improvement of cattle.

*(Assented to 27th November, 1935.)**(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Sub-section (1) of section *three* of the Cattle Improvement Ordinance, 1930 (Ordinance No. 10 of 1930), as amended by the Cattle Improvement Ordinance Amendment Ordinance, 1935 (Ordinance No. 10 of 1935), is hereby further amended by the addition of the following proviso at the end thereof:—

“Provided that where a bull, which has not previously been inspected and approved, is purchased or acquired in an area which is not a cattle improvement area, and where no board as aforesaid is available for the purpose of carrying out the inspection, such board may authorise the introduction of such bull into a cattle improvement area, on application being made in the manner prescribed by regulation, and provided the said bull is first inspected and approved by some person or persons designated by the board;

Provided further that, immediately after introduction as aforesaid the said bull be again inspected by the board concerned, and if not approved, be forthwith removed from the area by the person who has been responsible for its introduction.”

2. This Ordinance may be cited for all purposes as the Cattle Improvement Further Amendment Ordinance, 1935.

No. 20 of 1935.]

ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the establishment of a Meat Trade Control Board.

*(Assented to 27th November, 1935.)**(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Section *two* of the Meat Trade Control Ordinance, 1935 (Ordinance No. 8 of 1935), is hereby deleted and the following new section substituted therefor:—

“2. (1) The board shall consist of nine members appointed by the Administrator, who shall in such appointment have due regard to the interests of the meat trade, and of the cattle farmers, sheep farmers and pig farmers of the territory.

(2) The members of the board shall elect one of their members to be Chairman of the Board.”

2. This Ordinance may be cited for all purposes as the Meat Trade Control Amendment Ordinance, 1935.

No. 19 van 1935.]

ORDONNANSIE

Om die Wet betreffende verbetering van beeste te wysig.

*(Goedgekeur 27 November 1935.)**(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Sub-artikel (1) van artikel *drie* van die Beesteverbeterings-Ordonnansie 1930 (Ordonnansie No. 10 van 1930), soos gewysig by die Beesteverbeterings-Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1935 (Ordonnansie No. 10 van 1935), word hierby gewysig deur die toevoeging van die volgende voorbehoud aan die end daarvan:—

“Met die verstande dat waar 'n bul wat nie vooraf geïnspekteer en goedgekeur is nie, gekoop of verwerf word in 'n gebied wat nie 'n beesteverbeteringsgebied is nie, en waar daar geen raad soos voormeld beskikbaar is om die inspeksie te doen nie, kan sodanige raad die invoering van sodanige bul in 'n beesteverbeteringsgebied veroorloof, nadat 'n versoek op die wyse deur regulasie voorgeskrywe, gedoen is, en mits die voormelde bul eers deur 'n persoon of persone deur die raad benoem, geïnspekteer en goedgekeur is;

Met dié verstande verder dat onmiddellik na die invoering soos voormeld, die voormelde bul weer deur die betrokke raad geïnspekteer, en indien nie goedgekeur nie, dadelik deur die persoon wat vir sy invoering verantwoordelik was, uit die gebied verwyder word.”

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Beesteverbeterings Verdere Wysigingsordonnansie 1935.

No. 20 van 1935.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die instelling van 'n Vleishandel-kontroleraad.

*(Goedgekeur 27 November 1935.)**(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Artikel *twee* van die Ordonnansie betreffende die Kontrole van Vleishandel 1935 (Ordonnansie No. 8 van 1935) word hiermee geskrap en deur die volgende nuwe artikel vervang:—

“2. (1) Die raad sal bestaan uit nege lede, aangestel deur die Administrateur, wat by sodanige aanstelling behoorlik rekening moet hou met die belange van die vleishandel, en van die veeboere, skaapboere en varkboere van die Gebied.

(2) Die lede van die raad moet een van hulle lede kies tot voorsitter van die raad.”

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes as die Wysigingsordonnansie betreffende die Kontrole van Vleishandel 1935 aangehaal word.

No. 21 of 1935.]

No. 21 van 1935.]

ORDINANCE

To provide for the consolidation and amendment of the law relating to the taxation of persons carrying on certain professions or callings in the Territory.

(Assented to 27th November, 1935.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. As from the first day of January, 1936, and save as hereinafter provided, there shall be charged, levied and collected annually for the benefit of the Territory Revenue Fund a tax (hereinafter called "professional tax") on all persons practising or carrying on within this Territory any of the professions or callings mentioned in the Schedule to this Ordinance in accordance with the tariff prescribed in the said Schedule.

2. Professional tax shall be payable on the first day of January in each year, and shall be paid to the Magistrate of the District where the person liable to pay the tax carries on his profession or calling:

Provided that where any such person as aforesaid commences to practise or carry on his profession or calling after the first day of January in any calendar year, he shall be liable to pay professional tax on the date when he so commences to carry on his said profession or calling in that year:

Provided further that where any such person commences to practise or carry on his profession or calling after the first day of July in any calendar year he shall be liable to pay only half of the appropriate amount of the tax payable.

3. Where two or more members of a firm or partnership carry on any profession or calling mentioned in the Schedule to this Ordinance each such member shall be liable to pay a separate and distinct tax in his own name.

4. Where any person practises or carries on more than one of the professions or callings in respect of which professional tax is payable or specified in the Schedule, he shall be required to pay the full tax in respect of that profession or calling practised by him for which the highest tax is so specified, but only half the tax so specified in respect of any additional profession or calling.

5. The following persons are exempted from liability to pay professional tax—

- (i) Any individual employed by the Government of the Union of South Africa or the Administration of the Territory or by any local authority or educational institution or hospital board whose whole time is required to be devoted to such employment and who is not permitted to perform work outside his official duties.
- (ii) Any individual acting in the capacity of a *bona fide* employee whose remuneration is not wholly or partly dependent upon profits made or volume of business done, except where such employee is in charge of a branch of his employer's business.

6. Any sum due under this Ordinance shall be a debt due to the Administration of the Territory and may be sued for and recovered by action in any court of competent jurisdiction.

7. Any person liable to pay professional tax who fails to pay the same within one month from the date upon which it becomes payable, and thereafter carries on his profession or calling while the said tax remains unpaid, shall be guilty of an offence, and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds and in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding one month.

8. The Professional Tax Proclamation, 1921 (Proclamation No. 24 of 1921), as amended by the Professional Tax Amendment Proclamation, 1932 (Proclamation No. 28 of 1932), is hereby repealed; Provided that any sum due under the said Proclamation at the date when this Ordinance comes into force shall be deemed to be a sum due under this Ordinance for the purposes of the provisions of sections *six* and *seven*.

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die konsolidasie en wysiging van die wet betreffende die belasting van persone wat sekere professies of beroepe in die Gebied uitoefen.

(Goedgekeur 27 November 1935.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Vanaf die eerste dag van Januarie 1936, en behoudens die hiernavermelde bepalings, word 'n belasting (hierna genoem "beroepsbelasting") jaarliks geeis, gehef en ingesamel vir die voordeel van die Gebieds-Inkomste-Fonds, van alle persone wat enige van die professies of beroepe binne hierdie Gebied drywe of uitoefen wat in die Bylae van hierdie Ordonnansie genoem is in ooreenstemming met die tarief in die vermelde Bylae voorgeskrewe.

2. Beroepsbelasting is betaalbaar op die eerste dag van Januarie in elke jaar, en moet betaal word aan die Magistraat van die distrik waar die persoon wat aanspreeklik is om die belasting te betaal, sy professie of beroep uitoefen:

Met die verstande dat, wanneer enige sodanige voormelde persoon begin om sy professie of beroep na die eerste dag van Januarie in enige kalenderjaar uit te oefen of te drywe, is hy aanspreeklik om beroepsbelasting op die datum te betaal wanneer hy aldus begin om sy vermelde professie of beroep in daardie jaar uit te oefen:

Met die verstande verder dat wanneer enige sodanige persoon begin om sy professie of beroep na die eerste dag van Julie in enige kalenderjaar uit te oefen of te drywe, is hy aanspreeklik om slegs die helfte van die bestemde bedrag van die betaalbare belasting te betaal.

3. Wanneer twee of meer lede van 'n firma of vennootskap enige professie of beroep uitoefen wat in die Bylae van hierdie Ordonnansie genoem is, is elke sodanige lid aanspreeklik om 'n afsonderlike en aparte belasting in sy eie naam te betaal.

4. Wanneer enige persoon meer as een van die professies of beroepe uitoefen of drywe, ten aansien waarvan beroepsbelasting betaalbaar is of in die Bylae gespesifiseer is, is hy benodig die volle belasting ten aansien van daardie professie of beroep wat hy uitoefen en waarvoor die hoogste belasting aldus gespesifiseer is, te betaal, maar slegs die helfte van die belasting wat aldus gespesifiseer is, ten aansien van enige bykomende professie of beroep.

5. Die volgende persone is vrygestel van die aanspreeklikheid om beroepsbelasting te betaal—

- (i) Enige individu wat in diens is van die Regering van die Unie van Suid-Afrika of die Administrasie van die Gebied of van enige plaaslike bestuur of opvoedkundige inrigting of hospitaalraad wie se hele tyd aan sodanige diens bestee moet word en wie nie toegelaat is om werk buitekant sy offisiële pligte te verrig nie.
- (ii) Enige individu wat in die hoedanigheid van 'n *bona fide* werknemer handel en wie se beloning nie geheel en al of gedeeltelik afhanklik is van profyte gemaak of die omvang van die besigheid verrig nie, behalwe waar sodanige geëmployeerde die toesig het oor die tak van die besigheid van sy werkgewer.

6. Enige verskuldigde bedrag volgens hierdie Ordonnansie is 'n skuld aan die Administrasie van die Gebied verskuldig en kan geregtelik geeis word en deur 'n aksie in enige hof van bevoegde jurisdiksie ingevorder word.

7. Enige persoon wat aanspreeklik is om beroepsbelasting te betaal en wat versuim om dit binne een maand vanaf die datum waarop dit betaalbaar word, te betaal, en daarna sy professie of beroep uitoefen terwyl die vermelde belasting onbetaal bly, is skuldig aan 'n oortreding, en is na skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond en by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde-arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

8. "De Beroepsbelasting Proklamasie 1921" (Proklamasie No. 24 van 1921), soos gewysig deur Die Beroepsbelasting Wysigingsproklamasie 1932 (Proklamasie No. 28 van 1932) word hiërmeë herroep:

Met die verstande dat enige bedrag verskuldig volgens die vermelde Proklamasie op die datum van die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie geag word 'n bedrag verskuldig te wees volgens hierdie Ordonnansie vir die doeleindes van die bepalings van artikels *sēs* en *sewe*.

9. The Administrator may make regulations:—

- (a) prescribing the form or forms to be signed for purposes of record by persons paying the tax;
- (b) generally in furtherance of the objects and purposes of this Ordinance.

10. This Ordinance may be cited for all purposes as "The Professional Tax Ordinance, 1935", and shall come into force as from the first day of January, 1936.

SCHEDULE.

(a) Accountant and/or Auditor	£10 0 0
(b) Actuary	£10 0 0
(c) Advocate	£10 0 0
(d) Architect	£ 7 10 0
(e) Attorney and/or Notary and/or Conveyancer	£10 0 0
(f) Consulting Engineer (including any branch of engineering)	£10 0 0
(g) Dentist	£10 0 0
(h) Sworn Translator	£ 2 10 0
(i) Land Surveyor	£ 5 0 0
(including any person practising as a Surveyor of Mining Areas in terms of the laws and regulations in force in this Territory relating to mining).	
(j) Medical Practitioner	£10 0 0
(k) Quantity Surveyor	£ 7 10 0

No. 22 of 1935.]

ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the taxation of landed property.

(Assented to 27th November, 1935.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal Ordinance" shall mean the Taxation of Landed Property Consolidation and Amendment Ordinance, 1935 (Ordinance No. 5 of 1935).

2. Section *two* of the principal Ordinance is hereby amended by deleting the definition of "rural properties" and "urban properties" occurring therein and substituting therefor the following definitions:—

"Rural properties" shall mean and include —

- (a) All immovable property situate outside the boundaries of a township;
- (b) every separately registered piece of land of one-half hectare or more in extent, situated within the boundaries of a township.

"Urban properties" shall mean all immovable property situated within the boundaries of a township not included in the definition of rural properties.

"Local authority" shall mean a municipal council or village management board; or, in any township area where no municipal council or village management board has been established, the magistrate.

3. Section *three* of the principal Ordinance is hereby amended:—

- (1) by the deletion of the words "any one lot of ground" occurring in sub-section (1) thereof and the substitution therefor of the words "every separately registered piece of land";
- (2) by the deletion of the words "any one erf or lot of ground" occurring in sub-section (2) thereof, and the substitution therefor of the words "any separately registered piece of land";
- (3) by the addition at the end of sub-section (2) of the following proviso:—

9. Die Administrateur kan regulasies maak:—

- (a) wat die vorm of vorms voorskrywe wat geteken moet word vir wegbêre-doeleindes deur persone wat die belasting betaal;
- (b) in die algemeen vir die bevordering van die oogmerke en doeleindes van hierdie Ordonnansie.

10. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as "Die Beroepsbelasting Ordonnansie 1935", en tree in werking vanaf die eerste dag van Januarie 1936.

BYLAE.

(a) Rekenmeester en/of Ouditeur	£10 0 0
(b) Aktuaris	£10 0 0
(c) Advokaat	£10 0 0
(d) Argitek	£ 7 10 0
(e) Prokureur en/of Notaris en/of Transportbesorger	£10 0 0
(f) Adviserende Ingenieur (insluitende enige tak van ingenieurswese)	£10 0 0
(g) Tandarts	£10 0 0
(h) Beëdigde Vertaler	£ 2 10 0
(i) Landmeter	£ 5 0 0
(insluitende enige persoon wat as 'n landmeter van myngebiede, ooreenkomstig die wette en regulasies wat in hierdie Gebied ten opsigte van mynwese van krag is, praktiseer).	
(j) Mediese praktisyn	£10 0 0
(k) Materiaalrekenaar	£ 7 10 0

No. 22 van 1935.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die belasting op grondeiendom.

(Goedgekeur 27 November 1935.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "die hoof-ordonnansie" die Konsolidasie- en Wysigingsordonnansie betreffende Belasting van Grondeiendom 1935 (Ordonnansie No. 5 van 1935).

2. Artikel *twee* van die hoof-ordonnansie word hiermee gewysig deur skraping van die bepaling van "landelike eiendomme" en "stedelike eiendomme" wat daarin voorkom, en deur dit te vervang deur die volgende bepalinge:—

"Landelike eiendomme" beteken en sluit in —

- (a) Alle onroerende goedere geleë buitekant die grense van 'n stadsgebied;
- (b) elke afsonderlik geregistreerde stuk grond van een halwe hektaar of meer in omvang, geleë binne die grense van 'n stadsgebied.

"Stedelike eiendomme" beteken alle onroerende goedere geleë binne die grense van 'n stadsgebied wat nie in die bepaling van landelike eiendom ingesluit is nie.

"Plaaslike bestuur" beteken 'n munisipale raad of dorpsbestuursraad; of, in enige stadsgebied waar geen munisipale raad of dorpsbestuursraad gestig is nie, die magistraat.

3. Artikel *drie* van die hoof-ordonnansie word hiermee gewysig:—

- (1) deur skraping van die woorde "enige enkele stuk grond" wat in sub-artikel (1) daarvan voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde "elke afsonderlik geregistreerde stuk grond";
- (2) deur skraping van die woorde "enige enkele erf of stuk grond" wat in sub-artikel (2) daarvan voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde "enige afsonderlik geregistreerde stuk grond";
- (3) deur die toevoeging van die volgende voorbehoud aan die end van sub-artikel (2):—

"Provided that this maximum shall in no case exceed a rate equal to one penny in the pound on the municipal site valuation of such property or (in the case of a township which is not a municipality) on a site valuation to be placed on the property by the local authority".

4. Sub-section (3) of section *twenty-eight* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance No. 11 of 1928), is hereby repealed.

5. This Ordinance may be cited for all purposes as the Taxation of Landed Property Further Amendment Ordinance, 1935, and shall be deemed to have come into operation on the 1st day of April, 1935.

No. 23 of 1935.]

ORDINANCE

To consolidate and amend the law relating to the payment of transfer duty.

(Assented to 27th November, 1935.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:—

Preliminary.

1. The laws mentioned in the first schedule to this Ordinance, to the extent to which the same are therein expressed to be repealed, shall be and the same are hereby repealed, except as to the recovery of any duty due or incurred before the taking effect of this Ordinance.

2. The term "immovable property" in and for the purposes of this Ordinance shall include —

- (a) land or the usufruct thereof or any limited interest therein other than a lease;
- (b) any lease (other than of a right to minerals or precious stones) for a period of not less than twenty-five years, or for the natural life of the lessee or any person mentioned in the lease, or which is renewable from time to time at the will of the lessee indefinitely or for periods which, together with the first period, amount in all to not less than twenty-five years.

Payment of Transfer Duty.

3. (1) Except as in this Ordinance is specially provided, a duty, (hereinafter called "transfer duty"), of three pounds per centum upon the value of any immovable property other than a mining area shall be payable by the purchaser of any such property, or otherwise by any person becoming entitled to any such property by way of exchange, grant, cession, donation, legacy, testamentary or other inheritance, or in any manner otherwise than through the medium or by means of purchase and sale, within six months from the date of the sale, lease, exchange, grant, cession, donation or other means of acquisition, as the case may be, and from and after the expiration of such six months and until payment or deposit of the amount of such duty, interest thereupon at the rate of twelve pounds per centum per annum shall be payable and paid.

(2) As often as any such contract of sale, lease, exchange, donation or other transaction shall be entered into by which contract it is stipulated that possession of such property shall not be given or that the said sale, lease, exchange, donation or other transaction shall not take effect until some future date, the date at which such contract was entered into and not such future date shall be the date from which the space or term of six months mentioned in the last preceding sub-section shall be reckoned.

(3) As often as any sale, lease, exchange, donation, or other transaction of immovable property shall be conditional, then the said space or term of six months shall be calculated as from the day on which the contract became binding on the parties thereto, provided that in case any such contract shall become dissolved by reason of the happening of any dissolving condition after the payment of transfer duty, then upon proof given of such dissolution such duty shall be returned.

"Met die verstande dat hierdie maksimum in geen geval meer mag wees as 'n belasting gelykstaande met een penny in die pond op die munisipale skatting van die prëriewaarde van sodanige eiendom of (in die geval van 'n stadsgebied wat nie 'n munisipaliteit is nie) op 'n prëriëskatting wat deur die plaaslike outoriteit op die eiendom geplaas word."

4. Sub-artikel (3) van artikel *ag-en-twintig* van die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 11 van 1928) word hierby herroep.

5. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Verdere Wysigingsordonnansie betreffende Belasting van Grondeiendom 1935 en word geag in werking getree te hê op die 1ste dag van April 1935.

No. 23 van 1935.]

ORDONNANSIE

Om die wet betreffende die betaling van hereregte te konsolideer en te wysig.

(Goedgekeur 27 November 1935.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied van Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-Generaal, insover sodanige toestemming benodig is, nadat dit vooraf ontvang en aan die Wetgewende Vergadering deur boodskap van die Administrateur, ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925", van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, meegedeel is, as volg:

Inleiding.

1. Die wette genoem in die eerste bylae van hierdie Ordonnansie, in die omvang soos daarin uitgedruk dat hulle te herroep is, word en is hiermee herroep, behalwe ten opsigte van die invordering van enige regte wat voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie verskuldig geword het of berokken is.

2. Die uitdrukking "onroerende eiendom" omvat in en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie —

- (a) grond en die vruggebruik daarvan of enige beperkte belang daarin ander dan 'n pagkontrak;
- (b) enige pag (ander dan van die reg op minerale of edelgesteente) vir 'n tydperk van nie minder as vyf-en-twintig jare nie, of vir die natuurlike lewe van die huurder of enige persoon in die pagkontrak genoem of wat volgens die wil van die huurder van tyd tot tyd onbepaaldelik of vir tydperke wat, tesame met die eerste tydperk, alles tesame nie minder as vyf-en-twintig jare bedra nie, hernubaar is.

Betaling van hereregte.

3. (1) Behalwe soos in hierdie Ordonnansie spesiaal voorsien is, is regte (hierinlater "hereregte" genoem) van drie pond per honderd op die waarde van enige onroerende eiendom, ander dan 'n myngebied, betaalbaar deur die koper van enige sodanige eiendom, of andersins deur enige persoon wat op enige sodanige eiendom geregtig word deur middel van ruiling, toekenning, sessie, skenking, legaat, testamentêre of ander erfenis, of op enige manier anderste dan deur die medium of deur middel van koop of verkoop binne ses maande vanaf die datum van die verkoop, pag, ruiling, toekenning, sessie, skenking of ander middel van verwerwing, soos die geval mag wees, en, vanaf en na afloop van sodanige ses maande en totdat betaling of deposito van die bedrag van sodanige regte geskied, rente daarop teen die koers van twaalf pond per honderd per jaar betaalbaar en betaal is.

(2) So dikwels as enige sodanige kontrak van koop, pag, ruiling, skenking of ander transaksie aangegaan is, deur welke kontrak gestipuleer word dat besit van sodanige eiendom nie gegee sal word nie of dat die voormelde verkoop, pag, ruiling, skenking of ander transaksie eers op 'n toekomstige datum van krag sal word, dan is die datum waarop sodanige kontrak aangegaan is, en nie sodanige toekomstige datum nie, die datum vanaf welke die tydruimte of termyn van ses maande in die laasvooraangaande sub-artikel genoem, gereken moet word.

(3) So dikwels as enige verkoop, pag, ruiling, skenking of ander transaksie van onroerende eiendom voorwaardelik is, dan moet die voormelde tydruimte of termyn van ses maande bereken word vanaf die dag waarop die kontrak op die partye wat daaraan deel het, bindend geword het; met die verstande dat in enige geval waar enige sodanige kontrak opgehef word ter oorsake van die voorkom van enige opheffende omstandigheid na betaling van die hereregte, sodanige regte teruggegee moet word, nadat bewys van sodanige opheffing gelewer is.

Valuation for Payment of Transfer Duty.

4. In the case of the transfer of immovable property by reason of a contract of sale, the value shall, save as hereinafter provided, be taken to be the full and true consideration passing to the seller provided that, in any event, the following charges or expenses arising out of or connected with the said sale, shall not be taken to be included in such value; that is to say:—

- (1) The cost of any survey of the said property which shall have been made prior to, and for the purposes of, the said sale, and of any survey of such property which may be made after the sale, and the cost of all diagrams and such divisions and of the plan of the property exhibited at the time of sale;
- (2) The charge made by the auctioneer for the conditions of the said sale;
- (3) The commission, if any, paid by the purchaser to any auctioneer, broker or agent, by or through whom the sale of the property may have been effected, not exceeding two pounds and ten shillings per centum upon the amount of the purchase money;
- (4) The transfer duty payable on the said sale;
- (5) The cost of all deeds necessary for effecting transfer of such property, and of the mortgage deed, if any, and of all necessary stamps;
- (6) The charges of conveyancers, and agents, incurred in effecting the transfer of the said property;
- (7) The rent or tax (if any) payable to the Government or any Municipality upon the said property.

5. (1) For the purpose of ascertaining the value of immovable property changing proprietors otherwise than by means of sale or lease it shall be the duty of the Magistrate of the district in which the property to be transferred is situate (hereinafter called "the Magistrate"), at his discretion, either to claim duty upon the amount for which such property is valued for municipal purposes, where such valuation exists, or to appoint a sworn appraiser to the Master of the High Court of South West Africa or failing such sworn appraiser some other competent and disinterested person to ascertain upon solemn declaration the just and fair value of such property, and the reasonable expenses of such valuation shall be payable by the person chargeable with the payment of the duty; and the amount of such municipal valuation or the amount at which such valuator shall value the said property, as the case may be, shall be the amount upon which duty shall be chargeable: Provided that with regard to the acquisition of a usufruct or limited interest in land as mentioned in paragraph (a) of section two, the duty shall be calculated with reference to the value of the property and the duration or extent of the interest therein, and such duty shall be recoverable whether the beneficiaries shall or shall not seek to have their interests registered in their names in the Deeds Registry Office: Provided that any person who shall consider himself aggrieved by any valuation upon which duty has been claimed may bring the same in review before the High Court of the Territory.

(2) In the case of a person entering into such a lease as is mentioned in paragraph (b) of section two, transfer duty shall be paid on the full value of the property leased.

(3) When in any case of sale and purchase of property, not being a sale by public auction, made *bona fide* and without collusion, it shall appear to the Magistrate that the purchase price of the same is considerably less than its just and fair value, it shall be competent for the said Magistrate to cause a valuation of the said property to be made in manner and form as provided in sub-section (1) hereof, and in case the value so ascertained shall exceed the amount of the said price or purchase money by one-third of the amount of such price or purchase money, then the amount of such valuation shall be deemed or taken to be the price or purchase money of such property for the purposes of this Ordinance, and duty thereupon together with the reasonable expenses of such valuation shall be payable by the person chargeable with the payment of duty; but in case such value shall not exceed the said price or purchase money to the extent of one-third thereof, the duty shall be received upon such price or purchase money, and the expense of the valuation shall be borne by the Administration:

Taksasie vir betaling van hereregte.

4. In die geval van die transport van onroerende goedere ter oorsake van 'n koopkontrak, moet, behoudens soos hierinafter bepaal, die waarde geneem word die volle en ware vergoeding te wees wat aan die verkoper oorgaan, met die verstande dat in enige geval die volgende vorderinge of onkoste wat uit die voormelde verkoop ontstaan of daaraan verbonde is, nie beskou sal word in sodanige waarde inbegrepe te wees nie; te wete:—

- (1) Die koste van enige opmeting van die voormelde eiendom wat voor en vir die doel van die voormelde verkoop gedoen is, en van enige opmeting van sodanige eiendom wat na die verkoop gedoen mag word, en die koste van alle diagramme en sodanige verdelinge en van die plan van die grond wat tydens die verkoop vertoon is;
- (2) Die vordering wat die vendu-afslaer vir die voorwaardes van die voormelde verkoop gemaak het;
- (3) Die kommissie, indien enige, wat deur die koper betaal is aan enige vendu-afslaer, makelaar of agent deur wie, of deur wie se bemiddeling die verkoop van die eiendom uitgevoer mag wees, twee pond en tien sjielings per honderd op die bedrag van die koopsom nie te bowe gaande nie;
- (4) Die hereregte op die voormelde verkoop betaalbaar;
- (5) Die koste van alle aktes wat nodig is om die transport van sodanige eiendom te bewerkstellig, en van die verbandakte, indien enige, en van alle nodige seëls;
- (6) Die vorderinge van transport- en verbandmakers en agente, wat deur die bewerkstelling van die transport van die voormelde eiendom berokken is;
- (7) Die huur of belasting (indien enige) wat aan die Regering of enige munisipaliteit op die voormelde eiendom betaalbaar is.

5. (1) Vir die doel om die waarde vas te stel van onroerende eiendom wat, anderste as deur middel van verkoop of pag, van eienaars wissel, is dit die plig van die magistraat van die distrik waarin die te transportere eiendom lê (hierinafter "die magistraat" genoem), om na goeëdunde of regte te eis op die bedrag waarteen sodanige eiendom vir munisipale doeleindes getakseer is, waar sodanige taksasie bestaan, of om 'n beëdigde taksateur vir die Meester van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika of in gebreke van sodanige beëdigde taksateur 'n ander bevoegde en onpartydige persoon te benoem om onder plegtige verklaring die juiste en billike waarde van sodanige eiendom vas te stel, en die redelike onkoste van sodanige taksasie is betaalbaar deur die persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van die regte; en die bedrag van sodanige munisipale taksasie of die bedrag waarteen sodanige taksateur die voormelde eiendom takseer, soos die geval mag wees, is die bedrag waarop regte vorderbaar is: Met die verstande dat ten opsigte van die verwerwing van 'n vruggebruik of beperkte belang in grond soos in paragraaf (a) van artikel twee vermeld, die regte bereken moet word met inagneming van die waarde van die eiendom en die duur of omvang van die belang daarin, en sodanige regte is invorderbaar, onverskillig of die bedeelde trag om hulle belange in hulle name in die aktekantoor te laat registreer al dan nie:

Met die verstande dat enige persoon wat hom deur enige waardering waarop regte geë is, veronreg ag, sodanige taksasie voor die Hooggeregshof van die Gebied vir hersiening kan bring.

(2) In die geval van 'n persoon wat sodanige pagkontrak soos in paragraaf (b) van artikel twee genoem aangaan, moet hereregte betaal word op die volle waarde van die gepagte eiendom.

(3) Wanneer dit in enige geval van verkoop en koop van eiendom wat nie 'n verkoping by publieke veiling is nie en wat *bona fide* en sonder verstandhouding gedoen is, vir die magistraat blyk dat die koopprys daarvan aanmerklik minder is as sy juiste en billike waarde, is die voormelde magistraat bevoeg om 'n taksasie van die voormelde eiendom te laat doen op die wyse en in die vorm soos in subartikel (1) hiervan voorsien, en ingeval die aldus vasgestelde waarde die bedrag van die voormelde prys of koopsom met een-derde van die bedrag van sodanige koopsom te bowe gaan, dan word die bedrag van sodanige taksasie geag en beskou die prys of koopsom van sodanige eiendom vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie te wees, en regte daarop, tesame met die redelike koste van sodanige taksasie, is betaalbaar deur die persoon wat aanspreeklik vir die betaling van regte is; maar ingeval sodanige waarde die voormelde prys of koopsom nie met een-derde daarvan te bowe gaan nie, moet die regte op sodanige prys of koopsom ontvang word, en die koste van die taksasie moet deur die Administrasie gedra word:

Provided that where mortgaged property is purchased at public auction, including a sale in execution, or in an insolvent or assigned estate, by a mortgagee, and the purchase price is less than the amount of the mortgage bond held by the purchaser, together with the amounts of any mortgage bonds, Land Bank charges and municipal charges preferent thereto, transfer duty shall be payable upon the total amount of the mortgage bond held by the purchaser and any mortgage bond, Land Bank charges or municipal charges preferent thereto over the said mortgaged property. If dissatisfied with the result, the purchasing mortgagee may, however, demand a special valuation, which shall then be made in manner and form as provided in sub-section (1) hereof. In case the value so ascertained is found to be less by one-third, than the total amount for which the property is mortgaged as aforesaid, then the amount of such valuation shall be deemed or taken to be the price or purchase money for the purposes of this Ordinance, and the expense of the valuation shall be borne by the Administration; otherwise duty shall be received upon the total amount for which the property is mortgaged as aforesaid, and reasonable expenses of such valuation shall be payable by the purchaser:

Provided further that any person who shall consider himself aggrieved by any valuation made under the provisions of this sub-section may bring such valuation in review before the High Court of the Territory.

(4) Where some additional valuable consideration other than money shall be given or promised or agreed to be given by the purchaser to the seller or to any other person, then the seller and the purchaser shall be respectively at liberty to put by way of solemn declaration a value in money upon such consideration and such value shall be added to the sum of money paid or to be paid, and transfer duty shall be paid upon the conjoint amount, and in case the said seller and purchaser shall not put the same value thereon then duty shall be paid upon the higher of the two values so put:

Provided that the provisions of sub-section (3) of this section shall apply to the value or values so put in case it or they shall appear to the Magistrate to be considerably less than the just or fair value of such consideration, or in case the seller and purchaser shall not each of them put a value thereupon.

(5) No valuation of any property for transfer duty purposes shall be capable of being made at any time after any sum of money shall have been received (except as a deposit) as being the transfer duty payable upon such property and after a final receipt shall have been granted for such duty.

6. All duties and interest payable under the provisions of this Ordinance shall be paid to the Magistrate, who shall give a receipt for the same, and no transfer of any property shall be made unless such receipt shall have been produced to and deposited with the Registrar of Deeds, or unless there shall be produced to and deposited with him a certificate signed by the magistrate of the district in which the property to be transferred is situate, certifying that the said property is of no value.

7. (1) No Magistrate shall grant a receipt (except a receipt for money deposited) for the amount of any such duty as aforesaid payable upon or in respect of any sale and purchase of any such property as aforesaid, until the seller shall have taken and subscribed a solemn declaration in substance in the form marked "A", and until the purchaser shall have taken and subscribed a solemn declaration in substance in the form marked "B" in the second Schedule.

(2) In the case of immovable property changing proprietors by means of exchange, donation, legacy or inheritance, or lease the solemn declaration required in the various instances shall be in substance in the forms "C", "D", "E", "F", "G", "H", and "I" in the second Schedule.

8. As often as it shall appear to the Magistrate that any agent, auctioneer, broker or other person acting for or on behalf of any such seller or purchaser of any such property as aforesaid has himself in his said capacity, made and entered into the contract of sale or purchase, then it shall be lawful for such Magistrate to demand and receive the solemn declaration of such agent, auctioneer, broker or other person as aforesaid, either in lieu of or in addition to that of his principal according as such Magistrate shall under the circumstances deem fit, and the solemn declaration to be taken shall be in substance in the form "J" in the second Schedule.

9. If in any case it shall be made to appear that the seller or the purchaser of any such property has died or departed from this Territory without having taken and sub-

Met die verstande dat waar eiendom onder verband op 'n publieke veiling, met inbegrip van 'n verkoop in eksekusie of in 'n insolvente of afgestane boedel deur 'n verbandhouer gekoop word en die koopsom minder is as die bedrag van die verband deur die koper gehou, tesame met die bedrae van enige verbande, Landbank en munisipale vorderinge wat die voorrang daaroor het, is hereregte betaalbaar op die totale bedrag van die verband wat deur die koper gehou word, en enige verband, Landbank of munisipale vorderinge op die voormelde eiendom onder verband wat die voorrang daaroor het. As hy met die uitslag ontevrede is, kan die kopende verbandhouer egter 'n spesiale taksasie verlang wat dan op die wyse en in die vorm soos in sub-artikel (1) hiervan voorsien, gedoen moet word. Ingeval dit blyk dat die aldus vasgestelde waarde met een-derde minder as die totale bedrag waarvoor die eiendom, soos voormeld, onder verband is, dan word die bedrag van sodanige taksasie geag of geneem die prys of koopsom vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie te wees, en die koste van die taksasie moet deur die Administrasie gedra word; anders word regte ontvang op die totale bedrag waarvoor die eiendom, soos voormeld, onder verband is, en redelike koste van sodanige taksasie moet deur die koper betaal word:

Met die verstande verder dat enige persoon wat hom deur enige taksasie onder die bepalinge van hierdie sub-artikel gedoen veronreg beskou, sodanige taksasie voor die Hooggeregshof van die Gebied vir hersiening kan bring.

(4) Waar enige addisionele waardevolle vergoeding ander dan geld deur die koper aan die verkoper of aan enige ander persoon gegee of belowe word, of waar ooreengekom word dat dit gegee sal word, dan staan dit aan die verkoper en die koper respektieflik vry om by wyse van plegtige verklaring 'n waarde in geld op sodanige vergoeding te plaas en sodanige waarde moet by die betaalde of te betale geldsom gevoeg word en hereregte moet op die gesamentlike bedrag betaal word, en ingeval die voormelde verkoper en koper nie dieselfde waarde daarop plaas nie, dan moet regte betaal word op die hoër ene van die twee waardes aldus geplaas:

Met die verstande dat die voorsienings van sub-artikel (3) van hierdie artikel toepassing het op die waarde of waardes aldus geplaas, ingeval dit vir die magistraat blyk dat dit of hulle aanmerklik minder is as die juiste of billike waarde van sodanige vergoeding, of ingeval die verkoper en koper nie elkeen 'n waarde daarop plaas nie.

(5) Geen taksasie van enige eiendom vir doeleindes van hereregte mag te eniger tyd nadat enige geldsom ontvang is (behalwe as 'n deposito) as synde die hereregte betaalbaar op sodanige eiendom, en nadat 'n finale kwitansie vir sodanige regte uitgereik is, gemaak word nie.

6. Alle regte en rente betaalbaar kragtens die voorsiening van hierdie Ordonnansie moet aan die magistraat betaal word, wat 'n kwitansie daarvoor moet gee; en geen transport van enige eiendom mag bewerkstellig word nie, tensy sodanige kwitansie vertoon word aan en gedeponeer word by die registrateur van aktes, of tensy deur 'n sertifikaat, geteken deur die magistraat van die distrik waarin die eiendom wat getranspoteer moet word geleë is, sertifiserende dat die voormelde eiendom van geen waarde is nie, aan hom vertoon en by hom gedeponeer word.

7. (1) Geen magistraat mag 'n kwitansie uitreik nie (behalwe 'n kwitansie vir gedeponeerde geld) vir die bedrag van enige sodanige regte soos voormeld betaalbaar op of ten opsigte van enige verkoop en koop van enige sodanige eiendom soos voormeld, totdat die verkoper 'n plegtige verklaring afgelê en onderteken het in hoofsaak ooreenkomstig die vorm gemerk "B" in die Tweede Bylae.

(2) In die geval van onroerende eiendom wat van eienaars wissel deur middel van ruiling, skenking, legaat of erfenis of pag, moet die plegtige verklaring wat in die verskeie gevalle benodig is, in hoofsaak wees ooreenkomstig die vorms "C", "D", "E", "F", "G", "H" en "I" in die Tweede Bylae.

